KAMMANUUS

Nommer 365 2 Desember 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Die pak-man deel vir my 'n pak uit

Daar kry ek toe laas week ’n les in ’n nuwe verkooptegniek hier in Doha. Op pad huis toe onthou ek van ’n sakie wat ek nog moes met ’n kollega uitklaar. By die eerste stel verkeersligte (ons noem hulle nie robots hier in Doha nie) koppel ek my slimfoon se oorfoontjies en skakel vir Gerhard.

Ons het net begin praat, toe ek merk die man in die motor langs my probeer my aandag trek. Nou moet julle onthou, ons hier in Katar is baie meer ontspanne wat misdaad en wantroue betref. Ek draai my venster af en die man skree-vra met so 'n dik Italiaanse aksent of ek hom dan nie onthou nie.

“Jammer maat,” skree ek terug, “ek ken jou nie.”
“Ja man, by Studio Milano in die Villagio-winkelsentrum.” dring hy aan.
“Studio Milano?” sê ek hardop en skud my kop.
“Sorry señor, you look a lot lika da man I meet at da showroom” beduie hy.
“Allow me to give you da gift.”

Skielik praat Gerhard in my oor. Ek het skoon vergeet hy is nog op die lyn. “Die man wil ’n ontwerperspak aan jou smous,” sê hy.
“Hy beduie ek moet hom volg.” vertel ek Gerhard.
“Maak so,” antwoord hy. “Hy gaan jou vertel hy het ’n paar pakke oor na ’n skou in hulle winkel en dat hy hulle gratis gekry het. Hy gaan jou een of twee aanbied.”

Ek wonder hoe hy weet wat hier in die verkeer met my gebeur. Word ek nie dalk hier ’n beplande streep getrek nie? Ek kyk rond vir versteekte kameras. Dan besluit ek om saam te speel en so entjie verder kry ek ’n plek om af te trek. Wragtag. Hier kom die man aangestap met vier kispakke oor sy skouer. Hulle is nog in hul drasakke. Ek klim ook uit en hy stel hom voor as Luigi van Milan.

Gedoriewaar, daar verduidelik hy toe dat hy hierdie pakke gebruik het in ’n tentoonstelling en as hy dit vanaand terug neem Italië toe, sal hy invoerbelasting moet betaal daarop. Hy gee dit dus liewer gratis weg.
“Of, miskien kan ek hom tog ietsie gee as ruilgeskenk?” Hier kom die kinkel, dink ek. Is ook so. Hy stel voor ek koop vir hom ’n slimfoon wat hy vir sy dogter as verjaarsdaggeskenk kan saamvat.

Dan praat Gerhard weer in my oor. “Bied hom net 500 aan.” Ek vertel Luigi ek is haastig. “Vat twee, ek sal hulle neem.” sê Gerhard weer in my oor. Ek voel of ek met die derde skeidsregter praat.

Die hele tyd pla dit my hoekom hy presies weet wat Luigi se volgende skuif gaan wees. Luigi tik my so teen die boep.

“I see you also laaika de pasta” Ons kibbel oor die prys. Gerhard bly raad gee. Smokkel met my kop, in my kop. Uiteindelik kies ek twee 100% nuutwol ‘bespoke’ pakke. So met die beursie se oopmaak, vertel Luigi my presies hoeveel geld ek daarin het.
Die man het valkoë. Hy soen my op albei wange en gee my sy besigheids-kaartjie. Die volgende dag neem ek die pakke vir Gerhard. Toe vertel hy my dat ’n ander vriend kort vantevore, presies en woord vir woord, dieselfde oorgekom het. Daardie ou het toe drie pakke gekoop.

Mooi Luigi, jou ou blikskottel. Ek wonder nou net hoeveel pakke jy reeds op die manier gesmous het. Sekerlik baie meer as wanneer jy sou moes staan en wag in jou winkel vir ’n prooi om in te loop!

Groot groete julle, en mag julle hierdie fees en vakansietyd genotvol en vreedsaam vind.
Tot volgende jaar!

Hennie Greeff
Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

VRAAG:
Hoekom sê hierdie gogga die regering moet vir hom welsyn betaal?

ANTWOORD:
Want hy kan nie werk kry nie. Vreemd, nè?

Bobbejaanstories (3)

Eintlik is daar vyf spesies

Die bobbejaan het so ’n groot indruk gemaak op ons Europese voorsate wat hulle in Suid-Afrika kom vestig en hier die eerste keer met hom kennis gemaak het, dat daar maklik ’n dosyn of meer uitdrukkings in Afrikaans is waarin hy figureer.

(Voorbeelde: die bobbejaan agter die bult gaan haal, jy lyk ’n mooi bobbejaan. En dink maar aan ’n samegestelde woord soos bobbejaanverdriet. As ons sê dat iemand dit het, bedoel ons dat sy of haar hartseer sommer geveins is.)

Selfs die ooievaar wat kamma-kamma in Europa babas bring, is op Afrika-bodem verander in ’n vreeslose vroedvrou van die berge. Of so iemand. Dié sou glo die kranse invaar om ’n bobbejaantjie te gaan vang telkens wanneer ’n menslike egpaar hul gesin wou uitbrei.

Dan word die gevange diertjie se hare afgeskeer, straks sommer so in ’n skottel of paraffienblik met water. Die wonderbaarlike resultaat—siedaar— is ’n nuwe mensebaba!

Die bobbejaan wat ons hier in Suidelike Afrika so goed ken, is egter nie die enigste soort bobbejaan wat daar is nie. Mense wat dit nie weet nie, kan verras reageer wanneer hulle verneem dat daar eintlik vyf erkende spesies is wat as egte bobbejane gereken word. Boonop is daar nog ’n paar ander wat nie ware adoonse is nie, maar tog op ’n manier tot lede van die hele bôgomnasie gereken word.

Die herkoms van ons gesegdes (19)

Lepel: Met ’n goue, silwer lepel gebore wees (baie voorspoedig wees)
Daar is altyd gesê dat die adellikes se kinders met 'n goue of silwer lepel in die mond gebore is.

Eens op 'n tyd was dit die gewoonte vir ryk peetouers om 'n silwer lepel aan hulle peetkind te gee wanneer hy gedoop is. Hoewel sulke kinders gewoonlik in welaf gesinne was en dus nie regtig die waardevolle silwer lepel nodig gehad het nie, was die tradisie sterk gewortel. Vanweë die geldelike voorsprong bo minder bevoorregtes kon sulke kinders dus makliker voorspoedig wees en 'n fortuin bymekaar maak.

Lepel: Lepel in die dak steek (doodgaan)
Die uitdrukking lepel in die dak steek as versagting vir doodgaan het ook 'n variant, naamlik sy lepel in die dak steek. Dit verwys dan na 'n kenmerkend Suid-Afrikaanse verskynsel van huise met lae dakke, aangesien dieselfde uitdrukking in ander tale verskil omdat die lepel in die muur gesteek word.

Die simboliek is dat iemand vir die laaste keer geëet het, aangesien dit skynbaar vroeër in huise sonder kaste die gewoonte was om na ete jou lepel in die dak te steek.

In Drente was dit de vork neerleggen, in Limburg is die paplepel weggelê, in dialektiese Engels is die lepel in die muur gesteek, in die Nederduits van Berghaus is die lepel weggesmyt, en in Mecklenburg is die lepel ook in die wand gesteek. Ou prente toon lepels wat in leerringe teen die muur hang.

Stel jou voor: 'n Pragtige, afgeleë eiland in die middel van nêrens en die volgende groep is skipbreukelinge:

♦ Twee Italiaanse mans en een Italiaanse vrou
♦ Twee Fransmanne en een Franse vrou
♦ Twee Duitse manne en een Duitse vrou
♦ Twee Griekse manne en een Griekse vrou
♦ Twee Bulgaarse mans en een Bulgaarse vrou
♦ Twee Japannese mans en een Japannese vrou
♦ Twee Sjinese mans en een Sjinese vrou
♦ Twee Australiese mans en een Australiese vrou
♦ Twee Ierse mans en een Ierse vrou
♦ Twee Engelse mans en een Engelse vrou

'n Maand later, op dieselfde eiland in die middel van nêrens, het die volgende gebeur:

♦ Een Italianer het die ander een vermoor vir die Italiaanse vrou
♦ Die twee Franse en die Franse vrou leef gelukkig saam in 'n gedeelde verhouding
♦ Die twee Duitse mans het 'n streng weeklikse skedule opgestel vir alternerende besoeke aan die Duitse vrou.
♦ Die twee Griekse mans slaap saam en die Griekse vrou kook en hou huis vir hulle.
♦ Die twee Bulgaarse mans het lank na die eindelose oseaan gestaar, toe lank na die Bulgaarse vrou gekyk en begin swem.
♦ Die twee Japannese mans het 'n faks Tokio toe gestuur en wag op instruksies.
♦ Die twee Sjinese mans het 'n apteek, drankwinkel, restaurant en wassery begin en die Sjinese vrou swanger gemaak sodat daar personeel vir die winkels kan wees.
♦ Die twee Australiese mans oorweeg selfmoord omdat die Australiese vrou aanhoudend kla oor haar lyf, die ware aard van feminisme, hoe sy alles kan doen wat hulle kan doen, die belangrikheid van vervulling, die gelyke verdeling van huishoudelike take, hoe sand en palmbome haar vet laat lyk, hoe haar laaste kêrel respek vir haar mening gehad en haar beter behandel het, hoe haar verhouding met haar ma verbeter en dat die belasting darem laag is en dit nie reën nie.
♦ Die twee Ierse mans het die eiland in Noord en Suid verdeel en 'n distilleerdery begin. Hulle weet nie of seks deel van die prentjie is nie, want hulle raak geswael na die eerste paar liter kokosneut-whiskey. Maar hulle is gelukkig want ten minste het die Engelse geen pret nie.
♦ WANT die twee Engelse mans wag vir iemand om hulle aan die Engelse vrou voor te stel.

Hoe om vroue te kies

Die manne het opgehou om ABSA bank meisies uit te neem: Today, Tomorrow, together.
Hulle neem nou Standard Bank meisies uit: Simpler, Better, Faster.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Vakansie-oefeninge

Herhaal soggens, smiddae en saans

WILDE WYSHEDE

• Jy weet jou dogter is besig om groot te word as sy stadig begin aantrek en vinnig geld bestee.

• Snaakse ding, 'n hoender. Dis al dier wat jy kan eet voor hy gebore word en na hy dood is.

• 'n Vrou se mond is nes 'n stukkende garagedeur. Jy sukkel jou gedaan om hom toe te kry.

• Meisies wat bril dra, kan net so aantreklik wees soos die wat nie bril dra nie.
Dit hang net van hul raamwerk af.

SLIM KLEIN KOSIE

Klein Koos moet tydens ’n tekenles op skool ’n hond teken wat besig is om hondebeskuitjies te eet. Skaars het sy onderwyser hom egter die opdrag gegee, of Klein Koos sit tevrede agteroor en verkondig:

"So ja, ek is klaar."

Die onnie kom kyk wat hy geteken het.
"Klein Koos," begin hy, "maar ek sien dan geen hondebeskuitjies nie..."

Klein Koos: "Dis omdat die hond hulle so gou opgevreet het, meneer."

Onnie: "En waar is die hond dan?"

Klein Koos: "Hy’t weggehardloop toe hier niks meer kos vir hom was nie."

G'N KAT SE KANS

Die gholfspeler was besig om baie lank te vat met sy dryfhou van die negende putjie af.

Uiteindelik mompel sy maat: "Liewe jimmel, man! Slaan tog nou, ek wil nie heeldag hier staan nie!"

Sy maat antwoord: "Jammer, maar ek wil ekstra moeite met hierdie hou doen. My vrou hou ons uit die klubhuis dop, en ek wil hê dit moet die perfekte hou wees."

"Ag," jou ou simpel," sê die ander een. "Daar is geen kans dat jy haar hiervandaan sal raakslaan nie!"

GROOT VERLIES

Gamatjie sê vir Abdoltjie:
"Wiet djy, vandat my vrou my gelos het, kan ek nie slaap of vriet nie!"

Abdoltjie sê: "Sjym! Djy moet haa' baie mis, my broe."
Gamatjie se "Nei, sy is weg met die matrass en my tanne".

**Vroue jok oor hul ouderdom.
Mans oor hul salaris.**

DIKVELLIG

Kallie het met Mike gepraat omdat hy dikwels so dikvellig is. Mike het beloof om te verbeter. Nie lank daarna nie kry Mike dit gereël om by 'n meisie te gaan kuier. 'n Uur later is hy weer terug by Kallie.
"Hoekom is jy so vroeg terug?' wil Kallie weet. 'Was jy weer dikvellig en toe jaag sy jou weg?'
"Nee,' antwoord Mike. "Ek was juis sensitief. Ons het net 'n rukkie gesit, toe begin sy van die ligte afskakel. Toe weet ek dis nou tyd vir my om te loop.'

BC deur Hart

Poskoets
Kammanuus se lesers gesels

Gedwing om 'n ekspat te wees

APIE DE KLERK:

Ek kon nie help om soort van hartseer te raak toe ek die Kammanuus lees en sien hoe julle ook maar swaarkry onder die ekspat lewe daar anderkant nie. Ek het toe ook maar die stap geneem en in Afrika gaan werk. Ek is nou so amper 'n jaar die die Korrupte Republiek van die Kongo werksaam en jy is heeltemal reg, as jy nie daar is vir die geld of een of ander rede vir oorlewing nie, dan moet jy jou kop laat lees, want lekker is dit beslis nie.

Dit was weereens 'n effense skok toe ek laasweek terugkom vir my "R&R break" en ek sien die vliegtuig IS driekwart vol Afrikaners is wat daar werk. Daar is eenvoudig geen manier vir 'n blanke man van sestig plus om werk in ons geliefde land te kry nie. Vra my, ek het hard probeer. Dankie vir jou voortgesette toewyding aan die Kammanuus, ek bly 'n groot aanhanger.

Ek moes my adres verander

ELSBETH VAN DER HOEVEN:

Jare gelede hier op Stellenbosch het ons 'n probleem gehad met ons posaflewering. Ons woon in Helderbergstraat 16, maar net om die hoek van ons is 'n plek met die naam Helderbergwoonstelle en die nommer daar is 164 en so drie strate onder ons is Helderberg koshuis. Ons pos en die ander se pos het deurmekaar geraak en ons moes altyd so oor en weer die pos gaan oor pos.

Dus het ek ook soms na die posmeester gestap en sommer gevra of die ou wat die pos aflewer darem kan lees. Hy was natuurlik nie "impressed" met my nie. Toe besluit ek om 'n naam vir ons plek te gee. Ons het in die Vrystaat êrens 'n plaas gehad wat eintlik vyf klein plase was wat een eenheid geword het. Een van die plase se naam was Cana, maar het toe besluit om dit KANA te maak.

Dit was 'n kort genoeg naam. Later het iemand vir my vertel dat Kana was die plek in die Bybel waar die water in wyn verander het. En toe dink ek dat ek nie 'n te slegte keuse gemaak het nie omdat ek in 'n wynstreek woon.

Bobbejaan was ook op TV

HERMANN KUSCKE:

Die bobbejaan bestaan wel en “boer” daar naby Kamanjab (die naam Kamanjab was eintlik goeie rede om te glo dis nie die waarheid nie!) en dis selfs iewers in `n TV-program gedokumenteer – hy ry elke dan en wan op `n ander skaap se rug as hy moeg word en die boer het glo baie min skade van jakkalse.

Of hy nou die diere soggens en saans weg- en teruggebring het, is dalk wel effens aangedik, dit sal mens maar by die boer moet hoor. Iemand van daardie omgewing sal sekerlik weet op wie se plaas dit is.

Kese tel net tot twee

GERRIE SCHOLTZ:

Hierdie is nie 'n storie nie, dit is die waarheid want ek het dit van my pa gekry en hy sal nie vir my jok nie.
'n Bobbejaan kan net tot by twee tel, so het my pa my vertel.
Hulle het heirdie feit uitgevind op die plaas daar in die Waterberge tussen Nylstroom en Vaalwater, maar op die Alma-ad. Daar is so 'n lap aarde tussen die Sandrivier en die berg waarop dit moontlik was om mielies te kweek, maar weens Eugene Marais se Waterberg-kese se voorkeur vir sappige jongmielies het daar nie veel van die oeste gekom nie. Totdat hulle besluit het hulle gaan skiet onder die burgers van die berge.
Die eerste ekspedisie het nogal goed afgeloop, en hulle het twee sekelsterte geskiet. Net genoeg om die kese versigtig te maak, maar nie te laat afsien van hulle rooftogte nie. Na vele planne het hulle toe besluit om die kese in 'n lokval te lei. Nog twee kese bokveld toe.

Toe hou die kese hulle dop. As daar een of twee mensemet 'n geweer na die mielieland toe aangestap kom, dan kom die bobbejane nie af na die lande toe nie maar sodra die mense terugstap, dan sak hulle die mielies toe.
Toe maak hulle 'n ander plan. Twee kom land toe, maar een stap terug en een bly agter om te skiet. Die kese is egter wantrouig, en kom nie af lande toe nie.

Dis eers toe drie van hulle lande toe kom en twee stap terug, dat die kese toe weer moed bymekaar skraap om lande toe te kom, en dit het elke keer gewerk. Bietjie meer arbeidsintensief, maar doeltreffend genoeg om die oes te red.

Uit die wakis

Stories vir die vaak

Twee getroue vriende

Kyk mooi hoe die kat op pad na die hond van die dak af klim, en lees dan die storie.

Elke dag, om dieselfde tyd, wag die hond vir die kat. Soms blaf sy om hom te roep. Wanneer hy arriveer, skuur en groet hulle en dan gaan stap hulle saam.

Hulle doen dit al vyf jaar lank en hulle het nie dieselfde eienaars nie. Die eienaars was onbewus hiervan totdat die bure, wat gereeld gesien het hoe dit gebeur, vir die kat se baas daarvan vertel het. Hy het toe die hond 'n lang ent gevolg en gevind sy huis is nie 'n buurhuis nie, maar ver weg.

Niemand weet hoe dit begin het nie.

Sal dit nie wonderlik wees om sulke vriende te hê nie - iemand wat altyd net daar is, geen woorde nodig het nie en net intuïtief mekaar se waarde insien en dienooreenkomstig optree.

'n Klompie sewejariges is onlangs gevra wat hulle van bier dink.

• Ek dink bier kan net voordelig wees. My pa sê my ma lyk vir hom al hoe mooier na elke bier.
- Tommie

• Bier is beslis goed want dit maak my pa gou vaak en dan kan ons rustig na enige TV-program kyk wat ons wil.
- Miemie

• Beide my pa en ma hou van bier. Veral my ma vind dit dan prettig om kaalbolyf by die partytjies te dans. My pa dink nie dis so snaaks nie.
- Gertjie

• My pa raak skoon uit sy vel van bier drink. Net soms as hy te veel drink maak hy sy broek nat, so miskien moet hy net klein bietjie minder drink.
- Kosie.

• Bier is goed vir my pa want dan dink hy hy kan beter dans. Gisteraand het hy tot in die swembad gedans.
- Lenie

• Ek gee my pa se bier vir die hond dan slaap albei heerlik. Frikkie.
Wanneer my ma bier drink word sy heel snaaks en moet my pa dit ontgeld. Dan skree sy op hom om weer sy been laer af in die straat te gaan begrawe, maar dit maak vir my net geen sin nie.
- Marie

Die hipnotis

Dit was pret-en-plesier aand by Huis Herfsblare.

Na 'n lekker saamsingery, gelei deur Anna agter die klavier, was dit tyd vir die ster van die aand: Hennie, die Hipnotis!

Hennie het verduidelik hoe hy die hele gehoor gaan hipnotiseer.

"Ja, almal van julle, en almal tegelyk," het hy gesê.

Stilte het oor die saal neergedaal. Hennie het 'n pragtige, antieke goue sakhorlosie aan 'n ketting uit sy sak gehaal.

"Ek wil hê julle moet almal stip na die horlosie kyk. Hy is baie waardevol en is al ses geslagte lank in my familie."

Hy het begin om die horlosie liggies links en regs te swaai terwyl hy die hele tyd sê:

"Hou die horlosie dop! Kyk na die horlosie!"

Die hele gehoor het gemesmeriseer geraak soos die horlosie heen en weer swaai, met die saal se ligte wat van sy blink oppervlaktes reflekteer.

Honderd en vyftig pare oë het die bewegings gevolg.

Hulle was almal gehipnotiseer!

En toe breek die horlosieketting skielik. Die antieke goue horlosie val op die sementvloer en breek in stukkies.

"SHIT!" sê Hennie.

Die munisipaliteit moes ingeroep word om die saal skoon te maak en Hennie is nooit weer na Huis Herfsblare genooi nie.

SIMPEL KORTETJIES

• Siekefondse is nes 'n hospitaaljurk: jy dink maar net jy's ten volle gedek.

• Sommige vroue dink bikini's is onbehoorlike drag.
Ander het weer die figuur daarvoor.

• Voor haar troue sweef 'n vrou in die wolke.
Na haar troue sit sy haar voet neer.

Sommer net 'n army-storie

Die jong offisier is ernstig aan die kop gewond deur 'n granaat, maar al uiterlike tekens was dat albei sy ore geamputeer is.

Jare later bereik hy die rang van majoor. Hy was baie fyngevoelig oor sy gebrek. Een dag moet hy drie soldate ondervra wat 'n pos op sy personeel soek.

Die eerste een was 'n kaptein, 'n helikoptervlieënier. Aan die einde van 'n baie goeie onderhoud vra die majoor:

"Sien jy iets uitsonderlik aan my?"

"Ja, majoor. Ek kon nie help om te sien jy het nie ore nie."

Die majoor het hom nul vir sy takt gegee en weggewys.

Die tweede onderhoud was met 'n luitenant van die vloot, wat 'n nog beter kandidaat was. Aan die einde word dieselfde vraag aan hom gevra.

"Ja, majoor, jy het nie ore nie."

Hy is ook die deur gewys.

Die derde kandidaat was 'n ouerige sersant-majoor. Die majoor het baie van hom gehou, en vra hom toe ook die vraag.
"Ja, majoor, ek sien jy het kontaklense."

"Sammajoor, hoe weet jy ek het kontaklense?"

"Want, majoor, dis blerrie onmoontlik om 'n bril te dra as jy nie ore het nie."

E-pos korrespondensie met 'n bank

• Jammer u wagwoord het na 30 dae verval dus moet u ’n nuwe wagwoord registreer.
"roos"

• Jammer te min letters.
"rooi roos"

• Jammer daar behoort tenminste een getalfaktor gebruik te word.
"1 rooi roos"

• Jammer geen spasies toelaatbaar nie.
"1rooiroos"

• Jammer daar moet ten minste een hoofletter gebruik word.
"1DONNERSEROOIROOS"

• Jammer jy kan nie meer as een opeenvolgende hoofletter gebruik nie.
"1DonnerseRooiRoosInJouGatOpgedrukAsJyMyNieDadelikDonnerseToegangGeeNie"

• Jammer daardie wagwoord reeds in gebruik.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BARNARD bbproperties@iway.na
Ek is opsoek na familie/afstammelinge, Barnards in SA! Dit was almal my oupa Marthinus Christoffel Barnard (1913-1991)se broers/een suster, (my pa se ooms en een suster):
- Theunis Jacobus Petrus Barnard (1909-1965
- Petrus Johannes Barnard (1911-1996)
- Johannes Stephanus Barnard (1915-1981)
- Andries Hendrik Jacobus Barnard (1917-1980)
- Stefina Lourina Barnard (getroude van Swanepoel) (1919-...)
- Gabriel Machiel Barnard (1921-2004)
- Hendrik Gysbertus Barnard (1926-2002)
- Gerhardus Barnard (1930-2005)

My oupagrootjie was ook 'n Marthinus Christoffel Barnard (1884-1966). Hy was getroud met Stefina Lourina Barnard (nooiensvan du Toit)(1893-1973). Soos ek verneem, was hulle van Vryburg! Enige iemand wat kan help met inligting van kinder/kleinkinders ens, asseblief. Ek is besig met 'n stamboom. Alle hulp sal hoog op prys gestel word.

FOOT leanie.foot@gmail.com
Ek is tans besig om familie navorsing te doen oor my oupa aan moederskant. My oupa se name was PETRUS PHILIPPUS PEO. Gebore 10/04/1881 Afgesterf 24/04/1967. Hy was getroud met Christina Maria van Tubbergh. Gebore 10/07/1897 en afgesterf op die 14/04/1990. Hulle het in die N.G. Kerk, Wynberg getrou op 26/07/1927. Ek sal dit baie waardeer indien iemand dalk meer inligting het rakende die PEO familie.

HULBERT furryboots@pobox.com
Hello, Ek soek asseblief enige informasie oor my oupa HULBERT in Suid-Afrika. Hy't moontlik in of naby Johannesburg of Benoni 'n klein vrugteplaas gehad. Hy't gesterf in 1927 of 1928 met drie seuns, 7, 14 (my pa), en 21 jaar oud. Sy vrou was Millicent Hulbert/Edwards. Ek weet amper niks meer nie:
Hy is van "apendicitis" dood, and hy was ook a homeopaat. Baie dankie vir enige hulp.

JANSEN pwjansen65@gmail.com
Ik ben op zoek naar het voorgeslacht van Gideon Agenbag. geb. 13-9-1957

SMIT chris.smit0846@gmail.com
Ek soek na inligting oor Christoffel Johannes Smit en Johannes Albertus Smit wat woonagtig was in die distrik Balfour op die plaas Modderbult.

Moeilike dag in die buitelug

Gedurende my onlangse geskeduleerde besoek aan die dokter vra hy my om 'n normale fisieke aktiewe dag in my lewe te beskryf.

Ek vertel hom toe ek het gisternamiddag 'n vyf uur lange staptog aangepak van ongeveer 15 kilometer. Deur ruwe veld gestrompel, langs 'n meer deur digte braambos gestoei en in die proses ook nog sand in my oë en skoene gekry. 'n Slang rakelings misgetrap, verskeie klipkoppies bemeester en agter 'n paar groot bome en digte bosse water afgeslaan.

Ek verseker hom toe dat al die uitputting het my weerloos gelaat. Soseer dat ek na dit alles agt biere moes afsluk net om tot verhaal te kom.

Die dokter was heel beïndruk: "Jy is voorwaar 'n buitelugspesialis"

"Nee, Dok," help ek hom reg, "net 'n vrot gholfspeler."

"Ek dink jy sal beter vaar as jy 'n ander bra aanskaf."

"Hou vas. Ek gaan gou my vrou kry."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Dit was ook nie lank nie of daar kom 'n donkiekar met 'n perd en 'n donkie voor die kar aan.

Deur
DANIE TERBLANCHE

Grootmaat vertel my dat hy eenkeer 'n vriend van hom in die assuransiebesig-heid vergesel het na 'n boer anderkant Piet Plessis vir sake. Hy sê hulle is dou-voordag die Saterdagmore uit Vryburg met 'n hengse dors.

Daar word kort-kort gestop en 'n ietsie gebruik en aangesien hulle mekaar lanklaas gesien het, word die vriendskapsbande lekker styf getrek.

Net voor Piet Plessis kry hulle 'n bord wat lees "*Polisie Padblokkade 500m*" Hulle stop dadelik en laai die bord op want op die godsverlate pad het hulle nog nooit so iets gesien nie en hulle dog die polisie het dalk die bord daar vergeet. Nadat hulle weer 'n ietsie gebruik het, sit hulle die reis voort en wragtig, toe hulle om die draai kom staan die plaaslike polisie in die pad besig met 'n hengse padblok-kade. Hulle ken egter die manne en daar word oor en weer gegroet en gesels alvorens hulle die reis weer voortsit. So vergeet hulle skoon om die bord terug te gee.

Toe hulle Piet Plessis inkom sien hulle daar is 'n hengse bedrywigheid by die boeresaal en hulle stop daar net om agter te kom dit is 'n dans. Grootmaat se vriend vat die bord agter van die bakkie af en stap die saal binne met die bord voor hom. Dit veroorsaak 'n groot konsternasie toe die mense in die saal die polisiebord sien, tot die orkes hou op speel! Op daardie stadium laat sak hy toe maar die bord en skree, "Oukei, moenie worry nie dit is net ek!"

Grootmaat sê toe is die hel los. Die vrinne in die saal sleep hulle drie letters toe en strafdoppe word toegeken vir 'n vale. Grootmaat sê na 'n lang kuier word die rit voortgesit en naderhand bereik hulle uiteindelik hulle bestemming. Die kuierry word hervat oor 'n lekker vuur met 'n vleisie op die kole.

Die volgende oggend word die twee se besigheid met die boer gou afgehandel en die terugreis aangepak met 'n kopseer wat 'n normale mens sal bangmaak. Kort voor lank sê maat hulle moet stop en net gou die koppe oopskiet, anders gaan hulle dit nie vandag maak nie. Maat sê hulle stop en doen ook so en dit gaan sommer dadelik beter, soveel so dat hulle besluit om die polisiebord, wat hulle steeds het, uit te sit in die pad en kuiertjie van die geleentheid te maak.

Dit was ook nie lank nie of daar kom 'n donkiekar met 'n perd en 'n donkie voor die kar aan, 'n waardige ou man agter die leisels, opgetoë vir die Sondagoggend se kerkdiens.

Soos 'n wetsgehoorsame burger stop hy by die padblokkade, Groot maat sê toe dink sy vriend op sy voete en gryp 'n plastieksak agter van die bakkie af en druk 'n stuk tuinslang in die sak en stap nader. Donkiekarman word meegedeel dat dit 'n roetine ondersoek is en aangesien Suid-Afrika se paaie so vol dronkbestuur-ders is doen hulle vanoggend alkoholtoetse op alle padgebruikers. "Nee, maar dit is reg meneer, ek drink glad nie en is op pad kerk toe so u is welkom om u toetse uit te voer," word hulle beantwoord.

Grootmaat sê die bestuurder word laat blaas aan die tuinslang en meegedeel dat sy toets negatief is. Sy maat sê toe maar hulle sal die diere ook moet toets vir alkohol. "Nee, dit is reg meneer, gaan maar voort." Die tuinslang word onseremonieel in die donkie se mond gedruk en sy toets is ook negatief. Dit is toe maat met die toetsapparaat omstap na die perd wat die ou man op die kar geïrriteerd raak.

"Meneer, laat ek nou vandag vir jou iets sê. Daardie donkie sal nog 'n kans vat en 'n dop drink, maar my perd sal nooit sy mond aan drank sit nie."

KAMMANUUS GROET TOT 13 JANUARIE 2014.